Laerskool Lynnwood

Roderickweg, Lynnwood
Posbus 74929, Lynnwoodrif 0040
Tel: 012 348 8894/1306
E-pos: admin@lynnwoodlaer.co.za
www.lynnwoodlaer.co.za

KUNSTE AKADEMIE

18 Mei 2026

DANS: MODERN EN HIP HOP EKSAMENS & SKYNEKSAMENS 2026

Geagte ouer

Baie geluk met u kind se deelname aan die SABOD Modern- en Hip Hop-medaljeksamen. Neem asseblief kennis van die onderstaande inligting rakende die skyneksamen en medaljeksamen wat in Junie plaasvind.

1. DATUMS WAARTYDENS EKSAMENS PLAASVIND:

Skyneksamen: 5 en 6 Junie.
Medal eksamen: 19 en 20 Junie, asook 24 - 27 Junie.
Indien 'n danser moontlik gedurende enige van hierdie datums uitstedig sal wees, versoek ons dat juffrou Tasha asseblief voor 22 Mei hieroor gekontak word, sodat die finale skedules daarvolgens uitgewerk kan word.

2. LOKAAL:

Trinity Kerksaal – oorkant Laerskool Lynnwood.

3. EKSAMENKOSTES:

Koste van Medal eksamens: R170

Maak asb. seker dat u dansfooie op datum is om te verseker dat u kind kan deelneem aan die eksamen.
Alle kostes vir die eksamens sal op u Ignite Dance Studio rekening gehef word.
Kostes vir eksamengelde moet asb voor of op 14 Junie 2026 volledig betaal wees.
Indien eksamengelde nie betaal is nie mag die leerling moontlik onttrek word.

Fooie is betaalbaar in Ignite Dance School se rekening:

FNB Tjek rekening nr: 6293 024 9166
Takkode: 252 045
Verwysing: Leerling voorletters & van + EKSAMEN

4. SKYNEKSAMENS: 5 en 6 Junie 2026

Lokaal: Trinity church

Die skyneksamen is verpligtend en uiters belangrik, aangesien die volledige verloop van die eksamen tydens hierdie sessie ingeoefen word ter voorbereiding vir die finale eksamen.

Korrekte eksamendrag, asook die voorgeskrewe haarstyl (sien uiteensetting onder punt 5), is verpligtend.

Hierdie datum is reeds aan die begin van die jaar in die inligtingsbrief deurgegee om te dagboek en word ook op die Ignite Dance Studio-webwerf se kalender aangedui.

Dansers moet asseblief 10 minute voor die aangeduide tyd gereed en opgewarm wees

Vrydag 5 Junie 2026

13:30 – 13:40	Grade 1 Modern (Lucienne Leas)
13:40 – 13:50	Grade 2 Modern (Mileah Coetsee / Emmi de Kock / Clara-Leigh Nortje / Lusa van Biljon / Amber Britz)
13:50 – 14:00	Grade 3 Modern (Lomieke Jordaan)
14:00 – 14:10	Grade 4 Modern (Luka de Villiers / Mienke Gremels)

Saterdag 6 Junie 2026

11:10 – 11:20	Get Down Hip-Hop (Layla de Beer)
11:20 – 11:30	Level 1 Hip-Hop (Mimi Mabena / Liya Botha)
11:30 – 11:40	Level 3 Hip-Hop (Marissa Blignaut / Mienke Gremels)
11:40 – 11:50	Level 4 Hip-Hop (Emma Geel / Elizanette Schoeman / Ruhan van Schalkwyk / Logan Rademan / Kiana Viviers)

5. DANSDRAG VIR EKSAMENS

5.1 Algemeen:

Geen onderklere mag uitsteek nie.

Geen grimering, naellak of juwele mag gedra word nie!

Bring asb. ‘n sakkie met die volgende ekstra haarbenodighede:

- 4x haarrekkies, dieselfde kleur as hare
- La Pebra haarjel / Haarsproei
- Eie haarborsel en kam
- 10 Bobby pins / 10 Haarnaalde (vir bolla)

5.2 Modern:

- Hare – netjiese lae bolla
- IDS Leotard met lang swart “tights / leggings / ski pants”
- “Toe Caps” mag gedra word indien dansers dit het. Dit is egter nie verpligtend nie.

5.3 Hip-Hop:

- Hare – netjiese lae poniestert
- Meisies: IDS Racerback top met lang swart baggy broek
- Seuns: IDS T-hemp met gemaklike swart lang baggy broek
- Wit tekkies (Geen ander kleur)
- Wit secret socks

6. SKEDULE VIR EKSAMENS

Eksamenskedules met die spesifieke dag en tyd vir elke danser sal binnekort voorsien word sodra die skedule gefinaliseer is.

Sterkte aan al ons dansers – ons weet julle het hard gewerk en getrou klasse bygewoon. Dit is nou julle geleentheid om die vrugte van julle harde werk te pluk!

Vriendelike groete
Juf. Nastasha le Roux
Coach MJ Smit
Juf. Clarissa Meyer
Ignitedancestudio07@gmail.com
067 402 1503